NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 6 FEBRUARIE 2013 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Admininstrasie]
Voorsitter, rdl C H H Hunsinger [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Cloete, C M
Cox-Bruintjies, Y S
Geel, B W
Goliath, M S I
Humphreys, F S
Rangasamy, M
Stemele, O M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter, rdl M van Zyl heet almal welkom en versoek rdl M Rangasamy om met gebed te open.

Rdl A C Sedeman is afwesig sonder verlof.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 8 NOVEMBER 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 8 November 2012 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER: KWARTAALVERSLAG (OKTOBER-DESEMBER 2012)
5.1.2 FINANSIËLE DIENSTE: KWARTAALVERSLAG (OKTOBER-DESEMBER 2012)
5.1.3 KORPORATIEWE DIENSTE: KWARTAALVERSLAG (OKTOBER-DESEMBER 2012)

Nadat die onderskeie kwartaalverslae behandel is, wens rdl F S Humphreys, namens die ANC, die Raad en in besonder die amptenare, geluk met die tweede skoon oudit wat verkry is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdh N J A Rust)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Finansiële Dienste en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir Oktober tot Desember 2012.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) C H H HUNSINGER
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Stanley, B J
Cleophas, J H	Van der Merwe, J I
Fortuin, C	Van Zyl, M
Goliath, M S I	Wilskut, W
Rust, N J A	Zatu, N S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:18 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H Papers.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 8 NOVEMBER 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 8 November 2012 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE: KWARTAALVERSLAG (OKTOBER-DESEMBER 2012)

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE: KWARTAALVERSLAG (OKT-DESEMBER 2012)

Die voorsitter gee geleentheid aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste om die verslag te behandel.

Mnr Botha/...

5.1/...

Mnr Botha beklemtoon die feit, met verwysing na die verslag aangaande die finale afloop by rioolwerke, dat toekomstige begrotings sal fokus op die opgradering van rioolwerke. Hierdie is in aansluiting by die navraag van rdl J H Cleophas aangaande die vervanging van belugters by Moorreesburg rioolwerke en die ondersoek wat sal volg.

Verder word melding gemaak van die verhoogde insidente op Yzerfontein (op navraag van rdl C Fortuin) wat veroorsaak word deur vakansiehuise wat oor die Desember/Januarie feesseisoen bewoon word, en gevolglik 'n verhooge aanvraag na die riooluitsuigdiens meebring.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die verslag van die Elektrisiteitsdepartement.

Die Munisipale Bestuurder (op navraag van rdl Fortuin) noem dat die munisipaliteit in proses is om te kyk na die ligging van vendorpunte waar persone na-ure elektristeit kan koop en hul diensterekening kan betaal, veral met die oog op nuwe laekoste-behuisingsprojekte.

Dit is egter belangrik dat vendorpunte voldoen aan die minimum vereistes vir die bedryf van 'n besigheid, onder andere mag 'n vendorpunt nie uit 'n huiswinkel bedryf word nie.

Na aanleiding van die navraag van rdl C Fortuin aangaande die beskikbaarheid van 'n vendorpunt op Koringberg (wat in November 2012 nie in bedryf was nie), noem die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste dat NERSA 'n riglyn gestel het dat daar vir elke 2000 verbruikers een vendorpunt moet wees, en dat voormelde geval nie toelaatbaar is nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Oktober tot Desember 2012.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman [afwesig]

Geel, B W
Goliath, M S I
Hunsinger, C H H
Philander, D B
Rangasamy, M
Sneewe, A M
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F
Van Zyl, M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:52 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H Papers, terwyl rdl A C Sedeman afwesig is sonder verlof.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 8 NOVEMBER 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 8 November 2012 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE

5.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE: KWARTAALVERSLAG (OKTOBER-DESEMBER 2012)

Die voorsitter, rdl W Wilskut verneem of daar enige navrae is met betrekking tot die verslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste, waarop die volgende items bespreek word –

5.1/...

(1) Vordering met kleinboere (op navraag van rdl D B Philander)
Mnr Steenkamp noem dat 12 kleinboere op Darling gevestig sal word deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en dat 'n verslag in hierdie verband aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word;

(2) "Climate change strategy/initiatives formulated (op navraag van rdl D B Philander aangaande die betrokkenheid van raadslede by die proses)
Mnr Steenkamp noem dat die Afdeling: Beplanning in samewerking met die Departement van Omgewingsake in proses is om 'n strategie op te stel en dat die konsep strategie na Junie 2013 (ingevolge die prestasieteiken) aan die Raad voorgelê sal word vir kommentaar;

(3) Skool: Jakkalsfontein
Mnr Botha (op versoek van rdh M S I Goliath) meld dat daar nog in proses is om met die skool te skakel aangaande die aanwending van rouwater wat oorspronklik aangelê is vir toiletfasiliteite, sowel as die heffing van die korrekte tarief, maar dat die aanbring van 'n chlorineringsaanleg 'n groot kapitale uitgawe sal wees.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl B W Geel)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Oktober tot Desember 2012.

5.1.2 BESKERMINGSDIENSTE: KWARTAALVERSLAG (OKTOBER-DESEMBER 2012)
5.1.3 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE: MAANDVERSLAG (DESEMBER 2012)
5.1.4 BRANDBESTRYDING: MAANDVERSLAG (DESEMBER 2012)

Die voorsitter, rdl M van Zyl gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om die verslag te behandel.

Rdl C H H Hunsinger verneem na die verslagdoening aangaande die uitreiking van lasbriewe soos aangevra, waarop die Munisipale Bestuurder die problematiek rondom die huidige diensverskaffer verduidelik en die Munisipaliteit se pogings om die kontraktermyn so spoedig moontlik te beëindig ten einde 'n geskikte diensverskaffer aan te stel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdl B W Geel)

Dat kennis geneem word van die kwartaal- en maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir Oktober tot Desember 2012.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SWARTLAND MUNISIPALE POLISIEDIENS: KWARTAALVERSLAG: 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2012 (7/1/2/2-3)

Die kwartaalverslag van die Swartland Munisipale Polisiediens word ooreenkomstig Regulasie 7 van die Regulasies vir Munisipale Polisiedienste soos afgekondig in terme van artikel 64P van die Suid-Afrikaanse Polisie Wet, 1995 opgestel en voorgelê aan die Provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligheid, sowel die Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

BESLUIT
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die tweede kwartaalverslag van die Swartland Munisipale Polisie vir die periode vanaf 1 Oktober tot 31 Desember 2012, goedgekeur word.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE